# Kwartaal 1
# Identiteit in Christus

'n Studie uit Galasiërs

# EK IN CHRISTUS IN MY

2026 REEKS

# Inhoud

Inleiding ........................................................................................ 4

Week 1 - Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my ........................... 7

Week 2 - In Christus het ons die Heilige Gees ontvang .......................... 15

Week 3 – Ons is almal een in Christus ...................................................... 23

Week 4 - Erfgename in Christus ................................................................ 31

Week 5 – Kinders in Christus ..................................................................... 39

Week 6 – Vryheid van die juk van sonde, vry om lief te hê.................... 47

Week 7 – In Christus gelei deur die Gees ................................................... 55

Week 8 – Lewend in Christus – Dood vir die Wêreld ............ 63

# Inleiding

In 'n wêreld wat voortdurend vra, *"Wie is jy?",* word identiteit dikwels gevorm deur prestasie, status, kultuur, verhoudings, persoonlike voorkeur of sukses. Mense word gemeet aan wat hulle doen, hoe hulle presteer, en hoe hulle met ander vergelyk.

Die evangelie bied 'n radikaal ander en lewegewende antwoord. Die tema vir hierdie jaar, "Ek in Christus, Christus in my," vang die hart van die Christelike geloof vas: 'n lewende, transformerende eenwording met Jesus Christus. Christendom gaan nie net daaroor om sekere waarhede te glo of morele reëls te volg nie; dit gaan daaroor om aan Christus te behoort en Christus in ons te hê. Ek is Syne en Hy is myne.

Vir die eerste kwartaal is ons fokus op ons "Identiteit in Christus." Identiteit beantwoord die diepste vraag van die menslike hart: *"Wie is ek regtig?"* Die Bybel leer dat wanneer 'n persoon hul geloof in Jesus Christus plaas, hulle 'n nuwe identiteit ontvang wat nie deur menslike moeite verdien, bereik of in stand gehou word nie. In plaas daarvan is dit 'n

genadegawe, geheel en al gewortel in wat Christus gedoen het.

Om "in Christus" te wees beteken dat ons verlede ons nie meer definieer nie, ons mislukkings ons nie meer veroordeel nie, en ons waarde nie meer van prestasie afhanklik is nie. Ons identiteit is veilig omdat dit in Hom geanker is.

Die brief aan die Galasiërs bied 'n kragtige grondslag om hierdie waarheid te ondersoek. Paulus skryf aan gelowiges wat hul Christelike reis deur geloof begin het, maar onder druk geplaas is om weer deur wetsonderhouding en godsdienstigheid, hulle te definieer. In reaksie verdedig Paulus passievol die evangelie van genade en roep die Galasiërs terug na hul ware identiteit. Sy boodskap is duidelik en onversetlik: ons status by God, ons groei in geloof, en ons plek in God se familie kom deur geloof in Christus alleen—nie deur menslike pogings of godsdienstige prestasie nie.

Hierdie studie sal deur gedeeltes in Galasiërs 2 tot 6 reis, en belangrike aspekte van ons identiteit in Christus ondersoek.

Om ons identiteit in Christus te verstaan, verander hoe ons uitdagings in die gesig staar, hoe ons onsself en ander sien, en hoe ons daagliks ons geloof uitleef. Terwyl jy met hierdie studie besig is, laat God se Woord valse identiteite konfronteer en die waarheid oor jou lewe spreek. Mag jy groei in selfvertroue, vryheid en vreugde terwyl jy weer ontdek wat dit werklik beteken om as iemand te leef wat in Christus is—en in wie Christus leef.

Soli Deo Gloria!
Aan God alleen al die eer!

# Week 1 - Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my

**GEHEUEVERS - ..***nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. — Galasiërs 2:20a*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Wanneer Paulus skryf, *"Ek is saam met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus woon in my,"* praat hy nie metafories nie—hy verklaar 'n geestelike werklikheid wat alles transformeer. Wanneer ons, ons geloof in Jesus plaas, sterf ons ou identiteit en word 'n nuwe een gebore. Dit is nie self verbetering of gedragsverandering nie; Dis 'n volledige transformasie. Die persoon wat jy was—gedefinieer deur sonde, mislukking en skeiding van God—is saam met Christus gekruisig. Die persoon wat jy nou is, word deur die Heilige Gees bewoon, en bemagtig, en gedefinieer deur Sy regverdigheid. Hierdie week gaan ons ondersoek wat dit beteken om aan ons ou self te sterf en in die waarheid te leef dat Christus self in en deur ons leef.

## Dag 1: Geregverdig deur geloof, nie werke nie

Skrifgedeelte*: Galasiërs 2:15-21*

Lees Galasiërs 2:15-16. Paulus sê dat "*'n mens nie deur die werke van die wet geregverdig word nie, maar deur geloof in Jesus Christus.*" Wat openbaar dit oor die fondament van jou identiteit—is dit gebaseer op wat jy doen of op wat Christus gedoen het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Romeine 3:23-24. Hoe verander die begrip dat regverdigmaking 'n gawe van genade is (nie iets wat verdien word nie) die manier waarop jy jou waarde en aanvaarding voor God beskou?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 2: Dood vir die wet, lewendig vir God

Skrifgedeelte: *Galasiërs 2:17-19*

Paulus sê: *"Ek het deur die wet aan die wet gesterf sodat ek aan God kon leef."* Wat beteken dit om aan die wet te sterf, en hoe bevry dit jou van die poging om jou identiteit deur reëls of optrede te vestig?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Romeine 7:4-6. Hoe stel dit om "*dood aan die wet*" te wees jou in staat om God op 'n nuwe manier te dien, gemotiveer deur liefde eerder as verpligting?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 3: Gekruisig met Christus

Skrifgedeelte: *Galasiërs 2:20a ("Ek is met Christus gekruisig; dit is nie meer ek wat leef nie, maar Christus woon in my")*

Watter aspekte van jou "*ou self*"—jou vorige identiteit apart van Christus, is met Hom aan die kruis "*gekruisig?*" Hoe help dit jou om los te breek van vorige patrone van sonde of skaamte om dit te erken?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Kolossense 3:3-4. Wat beteken dit prakties in jou daaglikse lewe dat "*jy het gesterf, en jou lewe is verborge met Christus in God*"?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 4: Christus woon in My

Skrifgedeelte: *Galasiërs 2:20b ("Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God.")*

As Christus letterlik in jou woon deur die Heilige Gees, hoe behoort hierdie werklikheid die manier waarop jy uitdagings, versoekings en daaglikse besluite benader, te beïnvloed?

Lees Johannes 15:4-5. Wat beteken dit om in Christus te bly, en hoe produseer Sy lewe in jou vrugte wat jy nooit self sou kon gemaak het nie?

## Dag 5: Geliefd

Skrifgedeelte: *Galasiërs 2:20c ("wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.")*

Paulus verpersoonlik Christus se offer—"*wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê`.*" Hoe verander die internalisering van hierdie persoonlike liefde van Christus jou gevoel van identiteit en waarde?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees 1 Johannes 4:9-10. Hoe bied die begrip dat God se liefde nie op jou prestasie gebaseer is nie, maar op Sy karakter, sekuriteit en vryheid in jou verhouding met Hom?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Skrifgedeelte:** *Galasiërs 2:15-21 en Romeine 6:6-14*

Watter vals identiteite of etikette (of dit nou positief of negatief is) het jy toegelaat om jou identiteit in Christus te definieer in plaas daarvan? Hoe kan jy dit doelbewus vervang met die waarheid van wie God sê jy is?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoekom is dit moeilik om selfgesentreerde leefstyl agter te laat? Hoe lyk dit prakties om volgens geloof te leef?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Deel 'n tyd wanneer jy die verskil ervaar het tussen om God se aanvaarding deur prestasie te probeer verdien en om te rus in die waarheid dat jy reeds deur geloof in Christus aanvaar is.

Paulus sê hy is "*gekruisig met Christus*" (verlede tyd), maar hy leef "*deur geloof*" (teenwoordige tyd). Hoe gee die begrip van die "*reeds gedoen*"-aspek van ons kruisiging met Christus ons die krag om die "*daaglikse*" werklikheid van geloof uit te leef?

**Sluit in gebed**

# Week 2 - In Christus het ons die Heilige Gees ontvang

**GEHEUEVERS** – *Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo? Galasiërs 3:2b*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Hoe het jy die Heilige Gees ontvang? Dit is Paulus se dringende vraag aan die gemeente in Galasië, en dit bly vandag baie relevant. Ons begin dikwels ons Christelike lewe deur geloof, net om te dink ons moet daardie verhouding deur ons eie werke behou of laat groei. Paul konfronteer hierdie "*dwase*" denke. Die Gees van God kom nie na ons toe omdat ons goed genoeg, gedissiplineerd of geestelik genoeg was nie. Hy kom net deur geloof—op dieselfde manier as wat ons gered is. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons lewens is nie 'n beloning vir goeie gedrag nie, maar die gawe wat 'n getransformeerde lewe moontlik maak. Ons identiteit in Christus sluit die inwonende teenwoordigheid van God self in, vrylik gegee, wat ons bemagtig om die lewe te leef waartoe God ons roep.

## Dag 1: Ontvang deur geloof, nie werke nie

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:1-14*

Paulus vra die Galasiërs of hulle die Gees ontvang *het "deur die werke van die wet, of deur die aanhoor van die geloof."* Dink na oor jou eie lewe: is daar areas waar jy probeer om die Gees se krag of God se seën deur jou eie pogings te verdien eerder as om op geloof te vertrou?

Volgens Handelinge 2:38-39, wat is die voorwaardes om die Heilige Gees te ontvang, en hoe bevestig dit dat die Gees 'n geskenk van genade is eerder as 'n beloning vir goeie werke?

## Dag 2: Geloof soos Abraham

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:6-9*

Paulus wys na Abraham, wat "*in God geglo het, en dit is aan Hom as geregtigheid gereken.*" Wat leer Abraham se voorbeeld ons oor die basis van ons identiteit en aanvaarding voor God?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Genesis 15:6 en Romeine 4:20-22. Hoe dien Abraham se geloof—om op God se belofte te vertrou selfs wanneer omstandighede onmoontlik gelyk het—as 'n model vir hoe ons al God se seëninge ontvang, insluitend die Heilige Gees?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 3: Verlos van die vloek

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:10-12*

Paulus verduidelik dat *"almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek."* Hoe lei die poging om jou identiteit te vestig deur wette na te kom tot veroordeling eerder as vryheid?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Romeine 8:1-2. Hoe bevry die waarheid dat "*daar is dus nou geen veroordeling aan diegene wat in Christus Jesus is nie,*" jou om volgens die Gees te leef eerder as die wet?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**Dag 4: Christus het 'n vloek vir ons geword**

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:13*

*"Christus het ons van die vloek van die wet verlos, en het 'n vloek vir ons geword."* Hoe verdiep die begrip van wat Christus namens jou deurgemaak het, *"naamlik om jou vloek te neem"*—jou dankbaarheid en jou begrip van jou identiteit as verloste?

Lees Jesaja 53:4-6. Watter laste of skuld dra jy nog wat Christus reeds by die kruis op Homself geneem het?

## Dag 5: Die Belofte van die Gees

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:14*

Paulus openbaar dat Christus ons verlos het en ons, *"deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."* Hoe vervul die ontvangs van die Heilige Gees God se belofte en voltooi dit jou identiteit as 'n kind van God?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Efesiërs 1:13-14. Hoe dien die Heilige Gees as beide 'n seël (merk jou dat jou aan God behoort) en 'n waarborg (wat jou toekomstige erfenis belowe)? Watter sekuriteit bied dit vir jou identiteit in Christus?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Skrifgedeelte:** *Galasiërs 3:1-14 en Romeine 8:6-11*

Lees Galasiërs 3:3. Paulus noem die Galasiërs "dwaas" omdat hulle probeer het om deur hul eie pogings te voltooi wat God deur Sy Gees begin het. Waar in jou geestelike lewe probeer jy dalk om deur goeie werke, te voltooi wat God deur genade begin het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Galasiërs 3:13. Hoe verander die begrip dat Christus 'n vloek vir ons geword het die manier waarop ons, ons mislukkings en tekortkominge beskou? Hoe behoort hierdie waarheid ons daaglikse wandel met God te beïnvloed?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Watter rol speel die Gees in jou daaglikse Christelike lewe, en watter praktiese stappe kan ons help om sensitief te word vir die Gees se leiding?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Deel 'n ervaring waar jy duidelik die teenwoordigheid of krag van die Heilige Gees in jou lewe gevoel het. Hoe het daardie ervaring jou identiteit as 'n kind van God bevestig?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**Sluit in gebed**

# Week 3 – Ons is almal een in Christus

**GEHEUEVERS** – *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. Galasiërs 3:28*

## Inleiding tot hierdie week se studie

In Christus is daar geen tweedeklas burgerskap in God se koninkryk nie. Of jy nou as kind of op ‘n hoë ouderdom tot geloof gekom het, of jy 'n dramatiese getuienis het of 'n stille verhaal van genade het, of jy van nature begaafd is of sukkel met jou geloof, jy is 'n volle seun of dogter van God. Ons identiteit in Christus maak ons familie. Deur doop in Christus het ons Christus soos *'n kleed aangetrek*, en nou wanneer die Vader na ons kyk, sien Hy Sy Seun. Ons is nie bediendes wat hoop op stukkies van die tafel nie; Ons is geliefde kinders wat by die fees sit. Ons streef nie daarna om God se kinders te word nie; Deur geloof is ons reeds. Hierdie identiteit verenig ons met gelowiges oor elke skeiding heen en gee ons 'n veilige plek in God se ewige familie.

## Dag 1: Kinders van God deur geloof

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:26-27*

Paulus verklaar: "*Julle is almal kinders van God deur julle geloof in Christus Jesus.*" Hoe beklemtoon die woord "*almal*" die inklusiewe en gelyke aard van ons identiteit as God se kinders? Watter hindernisse of onderskeidings verwyder dit?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Johannes 1:12-13. Wat is die basis om 'n kind van God te word, en hoe verskil dit van ander verhoudings of identiteite wat afhang van geboorte, prestasie of status?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## Dag 2: Gedoop in Christus

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:27a ("want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword.")*

Doop simboliseer ons identifikasie met Christus in Sy dood, begrafnis en opstanding. Hoe verdiep die begrip van doop "*in Christus*" jou gevoel van eenheid met Hom?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Romeine 6:3-4. Hoe verteenwoordig doop die dood van jou ou identiteit en die geboorte van jou nuwe identiteit as een wat in Christus leef?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 3: Geklee met Christus

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:27b ("het Christus aangetrek*" - Ou vertaling*) en Efesiërs 4:22-24*

Wat beteken dit om "*Christus aan te trek*" soos 'n kleed? Hoe behoort hierdie werklikheid die manier waarop jy dink, praat en optree deur jou dag te beïnvloed? In watter situasies moet jy *"Christus meer doelbewus* aantrek"?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Kolossense 3:12-14. Paulus beskryf hoe hy deernis, vriendelikheid, nederigheid en liefde *"aantrek".* Hoe stel Christus-aantrek jou in staat om hierdie eienskappe te vertoon wat nie natuurlik is vir jou ou self nie?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 4: Eenheid in Christus

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:28 (in konteks met verse 26-27)*

Paulus sê daar is "*geen Jood of Griek nie, daar is geen slaaf of vry nie, daar is nie man of vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.*" Hoe oortref ons identiteit in Christus, sosiale, kulturele en ekonomiese vooroordele?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Efesiërs 2:14-16. Hoe het Christus die skeidingsmure tussen verskillende groepe mense afgebreek, en wat beteken dit vir hoe ons met ander in die liggaam van Christus moet omgaan?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## Dag 5: Veilig in ons kindskap

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:26-27*

Hoe bied die wete dat jy 'n seun of dogter van God is—nie gebaseer op jou prestasie nie, maar op geloof in Christus—sekuriteit en vertroue in jou verhouding met God?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Romeine 8:15-17. Hoe getuig die Gees van jou identiteit as God se kind, en watter verskil maak dit om te weet jy is nie net 'n slaaf nie, maar 'n erfgenaam?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## GROEPBESPREKING

**Gebed**

**Skrifgedeelte:** *Galasiërs 3:26-27 (lees ook die Ou Vertaling), Efesiërs 4:22-24 en Kolossense 3:12-14*

Wat beteken dit prakties om daagliks "*Christus aan te trek?*" Watter ou maniere van dinge doen, gedrag of denkpatrone moet jy "*uittrek*" om jou nuwe identiteit meer ten volle te kan beleef?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Op watter maniere behandel ons soms sekere gelowiges as "*meer geestelik*" of "*beter Christene*" as ander? Hoe daag Galasiërs 3:26-28 hierdie houdings uit en roep ons op om ons gelyke posisie in Christus te erken?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe verander die begrip dat God Christus sien wanneer Hy na jou kyk, (nie jou prestasie, agtergrond

of mislukkings nie), die manier waarop jy Hom benader en hoe jy jouself sien?

________________________________________________________________

Vertel van 'n tyd toe jy gesukkel het om te glo dat jy regtig 'n kind van God is. Wat het jou gehelp om jou identiteit in Christus te aanvaar en hoe het dit jou verhouding met God verander?

## Week 4 - Erfgename in Christus

**GEHEUEVERS** – *En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God. Galasiërs 3:29*

### Inleiding tot hierdie week se studie

As jy aan Christus behoort, dan is jy Abraham se saad en erfgename volgens die belofte. Ons is nie net vergewe sondaars nie, nie net aangenome kinders nie—ons is erfgename. Alles wat God aan Abraham belowe het, elke geestelike seën, elke voorsiening vir lewe en godsvrug, elke aspek van die ewige erfenis—dit behoort alles aan ons deur Christus. Dit is nie net 'n hoop vir die toekoms nie; Dit is 'n huidige werklikheid. Op die oomblik is jy 'n erfgenaam van God en 'n mede-erfgenaam met Christus. Dieselfde erfenis wat Jesus ontvang, ontvang jy. Om te verstaan dat jy 'n erfgenaam is, verander hoe jy beproewings in die gesig staar, hoe jy hulpbronne sien, hoe jy geestelike groei benader, en hoe jy wag vir Christus se terugkeer. Jy is nie 'n geestelike bedelaar wat op aalmoese (handouts) hoop nie; jy is ‘n Koningskind, 'n erfgenaam van die Koning, wat nou leef in die lig van jou ewige erfenis.

## Dag 1: Jy is Abraham se saad

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:29-4:2*

Paulus verklaar dat as jy aan Christus behoort, jy "*Abraham se saad en erfgename volgens die belofte*" is. Hoe demonstreer dit om deur geloof (nie bloedlyn nie) in Abraham se familie ingeplant te word, die genade en insluitendheid van God se plan? Wat beteken dit vir jou persoonlik om in hierdie ou verbond ingesluit te wees?

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

Lees Romeine 4:13-16. Die belofte aan Abraham kom deur "*die geregtigheid van geloof*", sodat dit aan al sy nageslag gewaarborg kan word. Hoe gee dit jou vertroue en sekuriteit as erfgenaam om te verstaan dat jou nalatenskap op geloof gebaseer is en nie in jou prestasie nie?

__________________________________________________

__________________________________________________

__________________________________________________

## Dag 2: Erfgename volgens die belofte

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:29 en 4:1*

Jy is 'n erfgenaam "*volgens die belofte*"—wat beteken jou nalatenskap word gewaarborg deur God se getroue belofte, nie deur jou waardigheid nie. Watter spesifieke beloftes het God aan jou gemaak as Sy erfgenaam? Hoe verander dit die manier waarop jy bid, hoop en volhard om te weet dat hierdie beloftes gewaarborg is?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Efesiërs 1:11-14. Ons het 'n "*erfenis verkry*", en die Heilige Gees is die "*waarborg*" van daardie erfenis. Hoe verseker die teenwoordigheid van die Gees in jou lewe op hierdie oomblik jou van jou toekomstige erfenis? Wat beteken dit dat jy reeds die deposito het van wat gaan kom?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**Dag 3: Van slawerny tot kindskap**

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:1-2*

Voor Christus, was ons erfgename wat wag, en daarom onder die toesig van die wet. Hoe help hierdie prentjie jou om die verskil te verstaan tussen jou ou lewe onder die wet en jou nuwe lewe in Christus? Op watter maniere het jy "*soos 'n slaaf*" geleef al was jy bestem vir kindskap?

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

Lees Romeine 8:14-15. Ons het nie die Gees ontvang wat ons slawe van sonde maak en maak dat ons in vrees leef nie, maar *"die Gees wat julle kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!""* Watter areas van jou Christelike lewe voel steeds soos slawerny of vrees gebaseerde gehoorsaamheid eerder as die selfversekerde intimiteit van 'n geliefde kind wat God "*Vader*" noem*?*

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

## Dag 4: Onder voogde en bestuurders

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:2*

Die kind-erfgenaam het "*onder voogde en bestuurders gebly tot die tyd wat deur die vader aangewys is.*" Die wet was ons voog totdat Christus gekom het (Galasiërs 3:24-25). Hoe help die begrip van die wet as 'n tydelike toesighouer (nie 'n permanente meester nie) jou om wettisisme te vermy, terwyl jy steeds God se standaarde belangrik ag?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Hebreërs 10:1-4. Die wet was "*'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, en nie die beeld self nie.*" Hoe help dit jou, om die Ou Testament se wet as 'n "vorentoe" wys na Christus te sien, om die Ou Testament met groter begrip te lees? Watter waarhede het werklikheid in Christus geword?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## Dag 5: Lewe as volwasse erfgename

Skrifgedeelte: *Galasiërs 3:29-4:2 (samevatting)*

Die "*tyd wat deur die Vader aangewys is*" het aangebreek—Christus het ons verlos en ons in ons volle erfenis as seuns en dogters gebring (Galasiërs 4:4-5). Hoe behoort die lewe as 'n volwasse erfgenaam (nie 'n kind onder voogdyskap nie), die manier waarop jy geestelike volwassenheid, besluitneming en verantwoordelikheid in God se koninkryk benader, te verander?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

As ek terugdink aan Romeine 8:16-17, wat beteken dit om 'n mede-erfgenaam met Christus te wees? Hoe hou deel in Sy lyding nou verband met om later in Sy heerlikheid te deel?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## GROEPBESPREKING

### Gebed

**Skrifgedeelte:** *Galasiërs 3:29-4:2 en Romeine 4:13-17*

Hoe verander dit om 'n erfgenaam in Christus te wees hoe jy na die lewe kyk? Wat beteken dit om as mense van die belofte te leef?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

Romeine 4:13-14 waarsku dat as ons erfenis deur onderhouding van die wet kom, "*die geloof sy betekenis verloor het en die belofte sy krag.*" In watter areas van jou Christelike lewe probeer jy steeds God se guns verdien deur prestasie eerder as om te rus in die beloofde erfenis wat jy reeds deur geloof het? Hoe kan wettisisme ons beroof van die volheid van ons erfenis?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

Watter voorregte, regte, geestelike seëninge of beloftes wat aan jou as erfgenaam behoort, geniet jy nie ten volle nie? Hoe kan ons mekaar help om as volwasse erfgename te leef eerder as kinders wat steeds onder voogdyskap van die wet is?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Watter praktiese tekens kan wys dat 'n gelowige steeds soos 'n "*slaaf*" of "*minderjarige*" leef eerder as 'n erfgenaam en kind van God? Wat help ons om van vrees, na vryheid en vertroue oor te beweeg?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

# Week 5 – Kinders in Christus

**GEHEUEVERS** - *En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit beteken: Vader! Galasiërs 4:6*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus herinner die Galasiërs daaraan dat hulle in Christus nie meer slawe is nie, maar kinders van God—ten volle aangeneem, ten volle geliefd en ten volle erfgename. Hierdie gedeelte nooi ons uit om ons ware identiteit nie deur ons verlede, mislukkings, prestasie of emosies te sien nie, maar deur God se verklaring: Jy is Myne. Hierdie week ondersoek hoe om "*kinders in Christus*" te wees die manier waarop ons leef en met God omgaan, vorm.

## DAG 1 – Nie meer slawe nie

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:1–3 en Johannes 8:34–36*

Paulus beskryf die lewe voor Christus as slawerny aan "*elementêre beginsels*"—watter spesifieke magte, vrese of stelsels het jou gevange gehou voordat jy Christus geken het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

Waar voel jy steeds in die versoeking om met 'n "*slaaf-denkwyse*" te leef, in plaas van as God se kind?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

## DAG 2 - Die Volheid van Tyd

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:4 en Johannes 1:14*

Wat leer "*die volheid van tyd*" jou oor God se tydsberekening om Jesus te stuur?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Hoe wys Jesus se koms God se toewyding om jou identiteit te herstel?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## DAG 3 - Aanneming deur genade

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:5 en Efesiërs 1:5*

Wat openbaar aanneming oor God se doelbewuste keuse van jou?

___

___

___

Vergifnis verander jou regstatus; aanneming verander jou familie—waar in jou lewe, leef jy as ’n sondaar wat net vergewe is, eerder as 'n erfgenaam met volle toegang tot die Vader?

___

___

___

## DAG 4 - Dringendheid in die oproep

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:6 en Romeine 8:15*

"*Abba*" was Jesus se eie intieme aanspreekvorm vir God—hoekom kan jy nie op jou eie toegang tot hierdie intimiteit kry nie, en wat oorwin die Gees in jou om dit moontlik te maak?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Waar het jy die Gees nodig om jou ervaring van God se vaderlike liefde te verdiep?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**DAG 5 - Erfgename deur God**

Skrifgedeelte: *Lukas 9:57–62, 1 Johannes 2:6 en Galasiërs 2:20*

Paulus sê jy is 'n erfgenaam "*deur God*"—hoe hang jou erfenis heeltemal af van God se optrede eerder as van jou waardigheid?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Waar probeer jy nog verdien wat reeds joune is deur reg van aanneming as kind van God?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## GROEPBESPREKING

**Gebed**

Skrifgedeelte: *Galasiërs 4:3-7*

Lees Romeine 8:15-17 en 1 Johannes 3. Watter deel van hierdie gedeeltes vorm of daag meestal jou begrip van om 'n kind van God te wees uit en hoekom?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe help die Gees jou om "*Abba, Vader*" op 'n werklike en persoonlike manier te ervaar?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Paulus sê ons is nie meer slawe nie, maar seuns—hoe lyk dit om as 'n slaaf te leef in die alledaagse lewe, en hoe lyk dit anders om as kind te leef, hoe vorm dit jou besluite, doelwitte, ensovoorts? Galasiërs 5:1 en Johannes 15:15.

Hoe kan ons as 'n groep saam mekaar se ervaring van *"Abba, Vader"* verdiep van net om van God te weet, tot diep intimiteit, waar die Gees se getuienis jou daaglikse verhouding met God transformeer, op 'n persoonlike vlak, tydens Sondag byeenkomste, in die groepe......?

**Sluit in gebed**

# Week 6 – Vryheid van die juk van sonde, vry om lief te hê

**GEHEUEVERS** - *Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ’n slawejuk laat indwing nie. Galasiërs 5:1*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Paulus roep gelowiges op om in die vryheid te leef wat Christus namens ons bereik het—nie 'n vryheid gebaseer op inspanning, wetsonderhouding of godsdienstige pligte nie, maar 'n vryheid gewortel in genade. In hierdie gedeelte waarsku hy dat die terugkeer na ou vorme van wetsonderhouding, die vreugde en krag van die evangelie vernietig. Ware vryheid kom tot uiting in 'n lewe wat deur liefde gevorm word.

## DAG 1 – Standvastig in vryheid

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:1 en Johannes 8:36*

Volgens Galasiërs 5:1, wat bedreig jou, om terug in geestelike slawerny te gaan?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe demonstreer Jesus wysheid deur hul bedriegklikheid te erken, en wat leer dit ons oor die verskil tussen oppervlakkige opregtheid en motiewe wat deur jou geestelike hart gedryf word?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 2 – Christus of die wet

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:2-4 en Romeine 11:6*

Hoe beskryf Paulus die gevaar om geregtigheid te probeer verdien deur wetsonderhouding?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Wat is van die moderne maniere waarop gelowiges steeds probeer om te "*verdien*" wat Christus reeds vryelik gegee het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**DAG 3 – Geloof wat deur liefde uitgedruk word**

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:5–6 en 1 Korintiërs 13:1–3*

Volgens Galasiërs 5:6, waarom is liefde die duidelikste uitdrukking van ware geloof?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

In watter verhoudings wil God hê jy moet hierdie week meer doelbewus Christus-vormige liefde demonstreer?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 4 – Wat belemmer jou?

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:7–9 en Hebreërs 12:1*

Watter "*hindernisse*" of invloede (Galasiërs 5:7–9) vertraag jou geestelike groei?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Watter spesifieke "*hindernisse*" of invloede belemmer jou groei op jou reis met God en keer jou om meer lief te hê—en hoe versprei hierdie klein kompromieë deur jou lewe soos suurdeeg. (Galasiërs 5:7–9 en Hebreërs 12:1)?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 5 – Die kruis as struikelblok

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:10–12 en 1 Korintiërs 1:18*

Hoekom sê Paulus die kruis bly selfs vir godsdienstige mense 'n struikelblok en wat van die evangelie se boodskap wek steeds teenstand of ongemak in jou eie hart?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Waar weerstaan jy steeds die implikasies daarvan vir hoe jy God benader?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

### Gebed

## GROEPBESPREKING

### Gebed

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:1–12, 1 Korintiërs 1:18 en 1 Korintiërs 13:1–3*

Wat maak die boodskap van die kruis in Galasiërs 5:11 so aanstootlik dat selfs godsdienstige mense dit teenstaan, en hoekom sê 1 Korintiërs 1:18 hierdie dwase boodskap is God se krag?

Wanneer Paulus in Galasiërs 5:7 vra wie jou keer om die waarheid te gehoorsaam, watter stemme of invloede vertraag tans jou liefde vir ander?

Aangesien Paulus in Galasiërs 5:6 verklaar dat slegs geloof wat deur liefde uitdruk enige waarde het, waar vervang jy godsdienstige aktiwiteit met die ware liefde soos wat in 1 Korintiërs 13:1–3 beskryf word?

Aangesien Paulus in Galasiërs 5:6 verklaar dat slegs geloof wat deur liefde uitdruk enige waarde het. Hoe help jou fokus op jou liefde vir Jesus jou, om diegene lief te hê wat tans moeilik is om lief te hê. Waar daag 1 Korintiërs 13:1–3 jou uit om verder as plig na ware Goddelike liefde te beweeg?

**Sluit in gebed**

## Week 7 – In Christus gelei deur die Gees

**GEHEUEVERS** - *Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.* Galasiërs 5:16

### Inleiding tot hierdie week se studie

Die Christelike lewe word nie deur wilskrag geleef nie, maar deur die krag van die Heilige Gees. Die Gees bring nuwe begeertes, nuwe gewoontes en nuwe karakter in ons voort. Hierdie gedeelte kontrasteer die vernietigende werke van die vlees met die vrug wat die Gees, laat groei in diegene wat aan Christus behoort. Hierdie week ondersoek ons wat dit beteken om daagliks onder die invloed van die Gees te leef.

## DAG 1 – Wandel in die Gees

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:16 (lees ook die Ou Vertaling) en Romeine 8:4*

Wat bedoel Paulus met "*wandel in die Gees*" verder as net om harder te probeer om beter te doen—en hoe lyk dit prakties om op die Gees se krag te vertrou eerder as jou eie wilskrag?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Wat leer Romeine 8:4 jou oor die Gees wat moontlik maak wat die wet nooit in jou kon bereik nie?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 2 – Innerlike konflik

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:17 en Jakobus 4:1*

Hoe ervaar jy persoonlik die konflik wat Paulus tussen vlees en Gees beskryf?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Volgens Jakobus 4:1, watter begeertes baklei binne jou en maak gehoorsaamheid moeilik? Lys spesifieke dinge wat die afgelope week gebeur het.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 3 - Werke van die vlees

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:19–21 en Efesiërs 4:17–19*

Watter van die "*praktyke van die vlees*" lys Paulus wat jy die mees teenwoordig in ons kultuur vandag sien?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe beskryf Efesiërs 4:17–19 die gevaar daarvan om toe te laat dat die vlees jou leefstyl en denke vorm?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 4 – Vrug van die Gees

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:22-23 en Johannes 15:4-5*

Watter aspek van die vrug van die Gees beleef jy God werk die meeste aan (in) jou op die oomblik?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Volgens Johannes 15:4-5, waarom is, om in Christus te wees, noodsaaklik om geestelike vrugte te produseer?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

### Gebed

## DAG 5 – In pas met die Gees

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:24-26 en Kolossense 3:1-3*

Wat beteken dit prakties om die sondige natuur te "*kruisig*" soos beskryf in Galasiërs 5:24?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe kan dit jou help om jou gedagtes op dinge daar bo te stel (Kolossense 3:1-3) en om elke dag "*in pas te bly*" met die Gees?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**Gebed**

## GROEPBESPREKING

**Gebed**

Skrifgedeelte: *Galasiërs 5:16–26 (lees ook die Ou Vertaling)*

Watter vrug het jy die meeste nodig in jou lewe op hierdie oomblik?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Wat is die faktore wat dit moeilik maak om in alle omstandighede vrugte te dra? Hoe pas jy "*wandel in die Gees*" toe gedurende hierdie tye?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees weer Galasiërs 5:25. Hoe lyk om regtig in pas te wees met die Gees, anders as om bloot te probeer om die vrug deur jou eie pogings na te maak. Watter daaglikse roetines kan jou help om afhanklik te bly van Sy krag eerder as jou wilskrag?

In watter spesifieke areas van jou lewe het Christus reeds oorwinning behaal volgens Kolossense 2:15 en 1 Johannes 5:4-5—en hoe verander die geloof in hierdie waarheid die manier waarop jy voortdurende stryd hanteer?

**Sluit in gebed**

# Week 8 – Lewend in Christus – Dood vir die Wêreld

**GEHEUEVERS** - *Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld. Galasiërs 6:14*

## Inleiding tot hierdie week se studie

Die wêreld lok ons in baie lokvalle en as ons nie versigtig is nie, kan ons vasgevang daarin raak. Paulus se woorde in Galasiërs 6:14 openbaar 'n radikale verskuiwing in ons identiteit. As gevolg van die kruis definieer die wêreld ons nie meer, beheer dit ons nie meer nie, of besit dit nie meer ons lojaliteit nie. In Christus is ons vry van die wêreld se waardes en lewendig vir God se doeleindes. Hierdie week ondersoek wat dit beteken om net in die kruis te spog en te leef as diegene wat aan die wêreld gekruisig is.

## DAG 1 – Roem oor die kruis

Skrifgedeelte: *Galasiërs 6:14 en 1 Korintiërs 2:2*

Wat beteken dit om "*in die kruis te roem*," en hoe verskil dit van om oor jou eie prestasies te spog?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Volgens 1 Korintiërs 2:2, waarom weier Paulus om sy lewe op enigiets anders as Christus gekruisig te bou? Hoe kan jy op dit op jou eie lewe toepas?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 2 - Gekruisig vir die wêreld

Skrifgedeelte: *Galasiërs 6:14 en Romeine 6:6*

Wat bedoel Paulus wanneer hy sê, "*deur die kruis is die wêreld vir my dood* "?

Hoe help Romeine 6:6 jou om jou ou lewe te verstaan waarin jy saam met Christus *"gekruisig"* is? Op watter maniere "*maak jy jou ou maniere dood*"?

## DAG 3 - Die wêreld se greep is gebreek

Skrifgedeelte: *Galasiërs 6:14 en Kolossense 1:13–14*

Hoe het Christus se kruis die mag gebreek wat die wêreld eens oor jou identiteit gehad het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Volgens Kolossense 1:13–14, wat beteken dit om van die mag van die duisternis na die koninkryk van Christus oorgeplaas te word?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## DAG 4 - 'n Nuwe manier van sien

Skrifgedeelte: *Galasiërs 6:14 en 2 Korintiërs 5:16–17*

Hoe verander die kruis die manier waarop jy jouself, jou doel en jou toekoms sien?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Volgens 2 Korintiërs 5:16–17, wat beteken dit om alles deur die lens van 'n "*nuwe skepping*" te beskou?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**DAG 5 - Leef vry van die wêreld se goedkeuring**

Skrifgedeelte: *Galasiërs 6:14 en 1 Johannes 2:15–17*

Watter wêreldse waardes of druk voel jy die meeste om na te jaag, en hoe bevry die kruis jou daarvan?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Hoe help 1 Johannes 2:15–17 jou om jou gevoelens te rig op dinge wat bly, eerder as op dinge wat vervaag?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## GROEPBESPREKING

Skrifgedeelte: *Galasiërs 6:11-18*

Galasiërs 6:14 en 1 Korintiërs 1:18 wys die krag van die kruis—wat maak die kruis vandag die enigste ding om oor te roem?

Galasiërs 6:14 en Romeine 6:11 beskryf om dood te wees vir die wêreld—hoe lyk dit prakties?

Volgens Galasiërs 6:14 en Kolossense 3:1–3, hoe help dit deur jou gedagtes op Christus te rig om die aantrekkingskrag van die wêreld te verswak?

Galasiërs 6:14 en Filippense 3:7–8 daag ons waardes uit—watter "*winste*" vier die wêreld wat Christus ons roep om as verlies te beskou?

______________________________________________

______________________________________________

_____________________________________________


Galasiërs 6:14 en Matteus 16:24 roep gelowiges op om aan hulself te sterf—hoe kan ons groep mekaar aanmoedig om lewens te lei wat gefokus is op die kruis van Jesus?

______________________________________________

______________________________________________

_____________________________________________

**Sluit in gebed**


DEO GLORIA
Community Church Rockingham
DEO GLORIA
Glory to God -
Making God's glory known
COMMUNITY
Creating community -
Serving the community
CHURCH
A loving family of God
in Rockingham
WORD-BASED
The Bible is the
foundation of truth
CHRIST-CENTRED
Jesus is the centre
of our faith
SPIRIT INSPIRED
God's Spirit inspires us
to live and proclaim
His truth
DISCIPLE-MAKING
Journeying together,
following Jesus in obedience